27 Oktober 2024

Kinderkerk: Ken jy vir Jesus? Jesus sê … Ek is die pad, die waarheid en die lewe



Waaraan dink jy as jy die woord, **langpad**, sien? Vir my as kind was dit die **pad** na die plaas toe en ‘n paar weke in die skoolvakansie van wonderlike ervarings van net kindwees tussen trekkers, beeste melk en rondloop in die veld met ‘n kettie agter duiwe aan. So kry mens verskillende ander pad-woorde soos kortpad, ‘n krompad, alleenpad en die **Jesuspad**. Sondag word ons aangemoedig om op Jesus se pad te stap wat ons reguit tot by God die Vader gaan bring.

“Ek is die weg (die pad) en die waarheid en die lewe. Niemand kom na die Vader behalwe deur my nie.” Joh 14:6

Kleuterkerk: Jesus help: Help, wat ‘n groot gemors

Planete het almal wonderlike vreemde name soos Saturnus of Mars, behalwe een planet, die aarde, wat basies na die grond onder ons voete verwys. Die Bybel vertel ons dat die aarde in die begin wonderlik en mooi was. Dit is steeds mooi, maar sonde het in wêreld ingekom en die aarde word ‘n al groter gemors.

Die kleuters gaan Sondag deur Johannes 3:16 leer hoe God besig is om die groot gemors van sonde op aarde op te ruim.